# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## FEBRUARIE / MAART

## 2007

**TIK**

**SG**

Eerste Vraestel
Spoed- en Noukeurigheidstoets

**408-2/1A**

TIK SG: Vraestel 1
Spoed – en Noukeurigheidstoets

408 2 1A SG

4 bladsye

KOPIEREG VOORBEHOU
GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**TIK SG**
**(Eerste Vraestel: Vasgesteldetyd-noukeurigheidstoets)**

**TYD: 10 minute**

**PUNTE: 60**

---

**INSTRUKSIES AAN KANDIDATE:**

LEES DIE ONDERSTAANDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR VOORDAT JY MET DIE VRAESTEL BEGIN.

- Tik jou eksamennommer bo-aan elke vel wat vir die beantwoording van hierdie vraag gebruik word.
- Opsieners sal kandidate voorsien van inligting in verband met die vraag.

**INSTRUKSIES AAN OPSIENERS:**

1. Voorsien elke kandidaat van 4 velle A4-papier (80g).
2. Die tikopvoeder moet verseker dat alle tikmasjiene in goeie werkende toestand is.
3. Geen kool- of korrigeerlinte mag tydens die eksamen gebruik word nie.
4. Dit is noodsaaklik dat 'n tikopvoeder een van die opsieners in die tiklokaal vir die duur van die eksamen moet wees ten einde hulp te verleen indien 'n tikmasjien onklaar raak.
5. Kandidate moet ten minste 15 minute voor die aanvang van die eksamen by die tiksentrum aanmeld.
6. Kandidate moet toegelaat word om eers vir ongeveer 10 minute deur die vraestel te lees voordat hulle met Vraag 1 begin. Hulle mag lyne trek en moeilike woorde onderstreep.
7. Beide opsieners moet in besit wees van 'n stophorlosie vir tydsbeheer. Die vasgesteldetyd-noukeurigheidstoets moet deur die tikopvoeder waargeneem word. Opsieners mag nie gedurende die afneem van hierdie toets tussen die kandidate rondbeweeg nie.
8. 8.1 Alvorens kandidate met hierdie vraestel begin, moet hulle opdrag gegee word om hulle eksamennommers bo in die **regterhoek** van die papier wat vir die spoedtoets gebruik word te tik. Nadat al die kandidate hierdie instruksie uitgevoer het, word die teken gegee om met die vasgesteldetyd-noukeurigheidstoets te begin.

   8.2 Sodra die toegestane tyd vir die noukeurigheidstoets verstreke is, moet die opsiener al die toetse opneem en sy/haar voorletters na die **laaste getikte woord op elke bladsy** plaas. AL die bladsye wat 'n kandidaat gebruik het om **Vraag 1** te beantwoord moet **aanmekaar vasgekram** word.

   8.3 Dit is die verantwoordelikheid van die opsiener om elke kandidaat se vasgesteldetyd-noukeurigheidstoets na afloop van die tweede vraestel in die korrekte individuele omslag te plaas. Die omslag moet met die tweede vraestel aan die kandidate uitgedeel word.
9. Tydens die afneem van die res van die vraestel word beweging tussen die kandidate beperk tot die uitreiking van addisionele tikpapier, hulp in geval van probleme met tikmasjiene, ensovoorts.

---

## VRAAG 1
## TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS

**Die tydnoukeurigheidstoets moet in dubbel- of 1½-reëlafstand op slegs een kant van die bladsy getik word. Gebruik kantruimtes van 10°. 'n Minimum van 35 w.p.m. word verwag en die grense word deur (...) aangedui.**

**TYD: 10 MINUTE** **[60]**

Die kapitaalbegroting van 'n onderneming behels 'n toekomsplan waarin die behoefte aan fondse vir investering verskyn, asook die wyse waarvolgens die behoefte gefinansier kan word. Die kapitaalbegroting fokus derhalwe op die investerings- sowel as die finansieringsbesluit. Alhoewel hierdie dokument slegs oor die eersgenoemde aspek handel, moet die onderlinge invloed van die twee besluite nie uit die oog verloor word nie. Aangesien die finansieringsbesluit die kritiese rentabiliteit van 'n onderneming beïnvloed en laasgenoemde weer die kriterium vir die beoordeling van investeringsprojekte vorm, is dit duidelik dat die twee besluite tot 'n groot mate vervleg en verweef is. 'n Optimale kapitaalbegroting en 'n optimale investeringsbeleid is gevolglik nodig sodat 'n onderneming sy gestelde doelwit kan bereik.

Die investeringsbegroting van 'n onderneming fokus spesifiek op die beplande investerings vir die komende finansiële jaar en bevat besonderhede in daardie verband. Dit is gevolglik paslik dat die besonderhede rakende die investeringsbedrae, bateleeftye, geraamde reswaardes aan die einde van die leeftye, die betrokke afdelings waarin die investerings sal plaasvind en die beplande voltooiingsdatum die nodige aandag sal ontvang by die

opstelling van die investeringsbegroting. Terwyl investeringsvoorstelle van binne sowel as buite die onderneming kan kom, speel deurlopende investeringsbeheer 'n onmisbare rol. Die implementering van investeringsvoorstelle kan verder deur kapitaalrantsoenering 'n laer prioriteit verkry of selfs van die hand gewys word.

Om 'n kapitaalbegroting vir die kort en lang termyn voor te berei, moet die topbestuur as ................ (35 wpm) voorvereiste oor 'n investeringsbeleid vir die onderneming beskik. Die investeringsbeleid is 'n vooruitbeplande gedragslyn wat dien as gids om aan die topbestuur rigting te gee by die neem van besluite omtrent die onderneming se behoefte aan ................................. (40 wpm) kapitaal en die aanwending daarvan op bates, met as hoofmaatstaf, die rentabiliteitsverwagtings. So beskryf, tref dit in hoofsaak die investeringsbesluit, met ander woorde slegs die vraagkant van die kapitaalbegroting, en meer bepaald besluite .......................... (45 wpm) oor welke bates die onderneming benodig, hoeveel daarvan, op watter stadiums en vir hoe lank. Hiermee is dit nodig dat 'n beleid neegelê word met betrekking tot die vraag wanneer 'n voorgestelde investering wel in die kapitaalbegroting ............................ (50 wpm) opgeneem sal word. Dit lei tot die investeringsplan en program as voorlopers van die kapitaalbegroting.

Die investeringsplan is die voorloper van die investeringsprogram. Dit bestaan uit 'n aantal deelplanne met as basiese uitgangspunt die kort........... (55 wpm).

**TOTAAL: 60**

**EINDE**